



# Wenke vir verhoudingsbou



- Verhoudings word gebou op grond van belangstelling. Spandeer die eerste paar lesse om die kinders se name te leer ken. Dit is baie kosbaar vir kinders as jy hulle op die naam kan noem. Dissipline is ook makliker as jy die oortreder op die naam kan noem. Neem ook die tyd om die kinders te leer ken. Julle kan ken-mekaar speletjies (sien voorbeelde van ysbrekers en speletjies aan einde van dokument) speel wat jou daarmee kan help. Hierdeur kan die kinders mekaar ook sommer leer ken.
- Stel vas wanneer die kinders verjaar en maak seker dat jy hulle gelukwens tydens die ontmoeting. 'n Kaartjie met 'n teksvers op beteken baie vir kinders. Dit hoef nie 'n groot gebaar te wees nie, eerder 'n persoonlike een.
- Vra gereeld vir die kinders hoe dit met hulle toetse, mondelings, wedstryde, optredes, ensovoorts gegaan het.
- Pas die groeprëls (sien "Wenke vir dissipline") konsekwent toe. Kinders voel veilig wanneer hulle presies weet waar die grense is. Die veilige ruimte sal vir hulle die vrymoedigheid gee om eerlik deel te neem.
- In vandag se besige lewe gaan daar kinders wees wat die jeuggroep dalk nie gereeld kan bywoon nie. Maak seker dat hierdie kinders ook die jeuggroep as 'n veilige ruimte ervaar.
- Onthou sommige kinders is vaardiger as ander. Party kan lees terwyl ander nog nie kan nie. Sommiges kan hulle gevoelens goed uitdruk terwyl ander daarmee sukkel. Skep ruimte vir almal sonder enige druk.
- Reël ten minste een uitstappie per jaar saam met die groep. Dit kan op 'n Sondagoggend tydens die jeuggroep se gewone bymekaarkom tyd wees, of 'n ander tyd wanneer dit almal pas. Hoor by die kinders wat hulle graag saam wil doen as 'n groep. Dit is soms juis op sulke geleenthede waar sterker verhoudings gevorm word. Onthou om hierdie uitstappie in samewerking met die ouers te doen.

# Ysbrekers & ken-mekaar speletjies

Hierdie is slegs enkele voorbeelde van ysbrekers en ken-mekaar speletjies. Ek het 'n paar "links" aan die einde van die voorbeelde gesit waar julle nog idees kan kry.

## NIEMAND WEET...

**BENODIG:** "sticky notes" en penne/potlode

Elke kind skryf iets op 'n "sticky note" neer wat niemand van hulle weet nie (bv. 'n vreemde kos waarvan hulle hou). Die "sticky notes" word vir die leier gegee en word dan weer uitgedeel. Niemand moet hulle eie hê nie. Nou moet die kinders meng om uit te vind wie se "sticky note" hulle het deur vrae vir die ander te vra.

**VARIASIE:** kinders skryf twee emosies neer en plak dit op hulself. Nou moet hulle 'n ander kind kry wat dieselfde emosie(s) neergeskryf het.

## DIT KON ERGER GEWEES HET

Laat die kinders in 'n sirkel sit of deel hulle twee-twee op. Die eerste persoon sê iets soos "Ek het amper verslaap". Die volgende persoon sê dan "Dit kon erger gewees het. Jy kon laat gewees het." Dan sê die volgende persoon iets erger, byvoorbeeld "Dit kon erger gewees het. Jy kon in jou onderklere gewees het." Ensovoorts. Die speletjie kan ook omgedraai word deur te sê, "Dit kon beter gewees het..."

## M&M/SMARTIE SPELETJIE

Stuur 'n sakkie M&M's of 'n boksie Smarties in die rondte. Sê net vir die kinders dat hulle vir hulle van die lekkers kan vat maar dat hulle dit nie dadelik moet eet nie. Wanneer al die kinders lekkers het, vra vir die kinders om een ding van hulleself te sê op grond van die hoeveelheid lekkers wat hulle het. Met ander woorde, as jy 5 lekkers gevat het moet jy 5 goed van jouself vertel.

## EILAND SPELETJIE

Die eerste persoon sê sy/haar naam en 'n item wat hulle na 'n verlate eiland sal neem, byvoorbeeld "My naam is Pieter en ek sal vuurhoutjies vat". Die volgende persoon moet by die eerste persoon begin en dan hulle eie naam en item sê, byvoorbeeld "Sy naam is Pieter en hy gaan vuurhoutjies vat. My naam is Willem en ek gaan water vat." Elke volgende persoon moet eers by die eerste persoon begin en almal na die eerste persoon opnoem voor hulle hulle eie naam en item sê.

**VARIASIE:** kinders moet 'n item noem wat met die eerste letter van hulle naam begin byvoorbeeld 'n soort kos of dier.

## M&M/SMARTIE SPELETJIE

Stuur 'n sakkie M&M's of 'n boksie Smarties in die rondte. Sê net vir die kinders dat hulle vir hulle van die lekkers kan vat maar dat hulle dit nie dadelik moet eet nie. Wanneer al die kinders lekkers het, vra vir die kinders om een ding van hulleself te sê op grond van die hoeveelheid lekkers wat hulle het. Met ander woorde, as jy 5 lekkers gevat het moet jy 5 goed van jouself vertel.

## SKOEN SPELETJIE

Elke kind gooi een skoen op een hoop op die vloer en staan weg daarvan. Wanneer jy vir hulle die teken gee hardloop almal en gryp 'n skoen. Nou moet hulle die kind soek wie se skoen hulle gegryp het. As dit aan die begin van die jaar gespeel word moet die kind die een wie se skoen hy/sy het se naam uitvind asook een ding waarvan hulle hou.

## NAAM ROEP

Hierdie speletjie kan 'n leier help om die kinders in die groep se name te leer ken. Die kinders sit op stoele in 'n sirkel. Een kind begin deur 'n ander kind in die sirkel se naam te sê. Die leier (of persoon in die middel) moet die een wie se naam geroep word se knie raak voordat daardie persoon 'n volgende een se naam kan uitroep. As die een in die middel dit regkry om die kind se knie te raak voordat die volgende naam geroep word moet die een wat die naam geroep het in die middel kom staan.

## EK HOU EERDER VAN...

Laat die kinders voor jou staan. Gee nou vir hulle 'n keuse tussen twee goed en vra dat hulle links of regs van jou gaan staan afhangende wat hulle kies. Jy kan byvoorbeeld vra "Hou jy eerder van smarties of jelly tots?" Steek byvoorbeeld jou regterhand op vir smarties en jou linkerhand op vir jelly tots. Die kinders gaan staan aan die kant wat hulle verkies. Voorbeelde van keuses is:

- Chips of chocolates
- Koffie of tee
- See vakansie of plaas vakansie
- Honde of katte
- DVD of flied
- Coke of Fanta
- Pizza of burger
- McDonalds of Steers
- Vanilla of chocolate roomys

## 'N KEN-MEKAAR

**Vra die volgende vrae in die groep:**

- Vertel waar julle was vir vakansie.
- Wat is jou gunsteling padkos of "quick stop" as julle met vakansie gaan?

- Demonstreer die eenaardigste voertuig waarin/ waarop jy al gery het (bv. 'n trekker, kanoe, 'n groot lorrie, yskaatse, ens.) Jy mag nie woorde gebruik nie. Kyk of die ander kan raai wat die voertuig is.
- Wat mag julle kinders nie in die kar eet nie, omdat dit die kar kan bemors:
  - Chips
  - Roomys
  - Koeldrank
  - Sjokolade
  - Julle kan enigiets eet
- Wie van julle gesin het altyd die meeste bagasie:
  - Jou ma
  - Jou pa
  - Jou suster
  - Jou broer
  - Jy
- Watter speletjies speel julle in die motor om die tyd om te kry wanneer julle ver moet ry?
- As jy na ENIGE plek kon gaan vir 'n vakansie, waarheen sou jy gaan:
  - 'n "mall"
  - Disneyland/Ratanga Junction
  - Die see
  - Die wildtuin
  - 'n Plaas
  - 'n Ander land
- Wie was al in 'n ander land behalwe Suid-Afrika? Watter land?
- Wat is die eenaardigste kos (of slegste kos) wat jy al moes eet tydens 'n vakansie?
- Vertel 'n troeteldierstorie.
- Op watter maniere is jy kreatief?
- Hoe het jy geleer fietsry?
- Vertel van iets wat jy behaal het en waarop jy trots is.
- Waarvoor sou jy graag onthou wou word?
- Wie is die belangrikste mense in jou lewe?

#### "LINKS" VIR NOG IDEES:

Activity Village

<http://www.activityvillage.co.uk/ice-breaker-games>

Great Group Games

<http://www.greatgroupgames.com/icebreaker-games-for-kids.htm>

Youth Group Games

[http://www.jubed.com/youth\\_ministry/search/ice-breaker](http://www.jubed.com/youth_ministry/search/ice-breaker)